



MEET DIE WAARDE
VAN 'N teelbul

aan die Aantal kalwers wat

Die Veegesondheids- en Produksiegroep van die Suid-Afrikaanse Veterinêre Vereniging

- **Direkte bulkoste per kalf gespeen (\pm R350) is een van die grootste bedryfsuitgawes van 'n vleisbeesonderneming. Dit word bepaal deur die aantal speenkalwers wat 'n bul tydens sy leeftyd in die kudde produseer**
- **Nie alleen moet die bul geslagsgekik wees nie, maar die risiko dat 'n bul siektes kan inbring of tussen koeie en kuddes kan versprei moet ook verminder en bestuur word**
- **Daar word dikwels te veel klem geplaas op 'n bul se genetiese eienskappe, in plaas daarvan om eerstens te konsentreer op geslagsgekiktheid, wat die belangrikste eienskap van 'n bul is**

Inleiding

Die aantal kalwers wat jaarliks gespeen word per 100 koeie gedek, is die maatstaf vir produksieprestasie. Dit bepaal hoofsaaklik die winsgrens van 'n kommersiële vleisbeeskudde.

Geslagsgekiktheid

Gegewe die normale voedingstatus van die koeikudde sal die geslagsgekiktheid van die bulle wat nou gebruik gaan word 'n groter positiewe of negatiewe invloed op produksieprestasie hê (aantal kalwers gespeen en gemiddelde speenmassa), as die meeste ander faktore insluitende genetiese seleksie.

Om die geslagsgekiktheid van 'n bul te bepaal moet die faktore getoets word wat sterk gekorreleer is met 'n hoë dragtigheidspersentasie. Bepaling van geslagsgekiktheid deur 'n veearts is die eerste stap in die seleksie van bulle wat gebruik gaan word in die komende dekseisoen.

Laagvrugbare bulle

Die rampspoedige gevolge van die gebruik van 'n laagvrugbare bul in 'n enkelbulparingsstelsel is voor die hand liggend. Maar selfs die insluiting van 'n laagvrugbare bul in 'n meerbul-paringstelsel kan groot gevare inhou veral as die bul dominant is. Hierdie normaalweg ouer bulle (ouer as ses jaar) is dan ook diere waar daar 'n hoër persentasie van teelbal-abnormaliteite en geslagsiektes kan voorkom. In 'n multivaar-kudde kan een of meer van die bulle nie hul kant bring nie – wat die onus op die res van die bulle plaas om die koeikudde te beset. Selfs al slaag die doeltreffende bulle daarin, dra die ondoeltreffende bulle by tot verhoogde bulkoste per kalf gebore.

Die werklike verlies

Omgewingsomstandighede wat weerspieël word in die kort tydperk van beskikbare hoë kwaliteits-weiding, beperk die tydspanne van optimale konsepsie by koeie en verse.

Daarom kan laagvrugbare bulle tot groot verskuilde finansiële verliese lei sonder dat die boer dit besef. Indien 'n groot aantal vroulike diere op hitte kom gedurende die eerste 21 dae van die dekseisoen en hulle gedek word met laagvrugbare bulle, sal mind-

er as 50% van hulle dragtig raak. So 'n koei sal dan eers ongeveer 21 dae later weer op hitte kom waar haar kans om beset te raak weer eens kleiner as 50% is.

Die vertraagde besetting bring die volgende verandering in die kalwingspatroon mee:

- 'n lang, uitgerekte kalwingseisoen
- 'n groot persentasie van die koeie wat eers laat in die kalwingseisoen sal kalf
- asook 'n verlaging in die totale kalwingspersentasie.

Die vroulike diere wat om dié rede laat kalf, sal dus minder tyd na kalwing hê om te herstel, en dit is eintlik die diere wat benadeel word deur die gebruik van laagvrugbare bulle.

Gemiddelde speenmassa

'n Prestasie-parameter wat nie algemeen in vleis-beesteelkuddes gebruik word nie, is die bepaling van die gemiddelde ouderdom van kalwers by speen. Dit is 'n baie belangrike maatstaf as die volgende aanname in gedagte gehou word.

Kalwers voor speen (suipkalwers) se gemiddelde daaglikse toename is 0,8 kg tot 1,2 kg per dag af-hangend van die ras en omgewingsomstandighede. Kalwers wat vroeg in die kalwingseisoen gebore word het ook altyd die voordeel dat die beste weiding beskikbaar is vir die koeie (maksimum melkproduksie) wanneer die kalf in die vinnige groeifase is.

Kalwers wat laat gebore word, is dan normaalweg ook ligter as die vroeggebore kalwers wanneer daar gedwonge gespeen moet word as gevolg van weidingskwaliteit en -beskikbaarheid.

Vir elke hittesiklus wat die koei oorslaan omdat sy nie beset is deur 'n laagvrugbare bul nie, kan die kalf 16 tot 25 kg ligter wees by speen. Die verlies wat so gelyk word deur *een of twee speenkalwers* is klaar gelykstaande aan die koste van 'n geslagsgeskiktheids-onderzoek van 'n bul deur 'n veearts.

Kondisie van die koeie

Indien die kalwingseisoen uitgerek is omdat daar baie kalwers laat in die teelseisoen gebore word, is beesboere geneig om dan maar die kalwers langer by die koeie te hou, en nie saam met die vroeggebore kalwers te speen nie. Indien daar hoofsaaklik van natuurlike weiding gebruik gemaak word, is die praktyk baie nadelig omdat die kalwers wel nog toeneem in massa, maar die koeie verloor baie kondisie. Dit sal weer eens 'n groot effek hê op hulle herkonsepsie in die volgende teelseisoen of op die hoeveelheid produksie wat maer koeie moet ontvang om hulle weer in kondisie te kry.

Die koste van 'n produksie vir die maer koeie is ongeveer R120 per koei per maand.

Geslagsiektes

Naas sub-optimale voeding is geslagsiektes huidiglik 'n baie belangrike oorsaak van die lae nasionale kalwingspersentasie [alle rasse]. Besmette bulle kan die dragtigheidspersentasie laat afneem, met ongeveer 20% by koeie wat al voorheen aan die siekte blootgestel was, en meer as 50% by verse of koeie wat nog nooit blootgestel was aan die siektes nie.

Geslagsiektes soos trichomoniasis of vibriose het dieselfde effek as laagvrugbare bulle deurdat dit die kalwingspatroon verleng en aanskuif sodat meeste van die kalwers wat wel gebore word, laat in die kalwingseisoen gebore word. Die verlies is dus nie net as gevolg van koeie wat nie dragtig word nie, maar ook koeie wat laat kalf en volgende jaar gaan oorslaan.

Ander aansteeklike siektes

Daar is 'n aantal siektes wat deur bulle in 'n kudde ingebring kan word as hulle in die besmetlike fase van die siekte is en die organismes aktief uitskei. Die siektes word dan na koeie oorgedra deur direkte kontak met die uitskeidings van die besmette bulle. Voorbeelde is Brusellose en IBR virus-infeksie.